**Die boosheid van die mens op aarde is groot**

**Gen 6:1-8**

**11 Junie 2023**

1. Vantevore: Twee realiteite uit die geslagsregister van Adam oor Set tot Noag: (1) Oorvloed van lewe, selfs die moontlikheid van ewige lewe (2) Die lewe is 'n geswoeg wat uitloop op die fisiese dood. Doel van geslagsregisters: (1) Nie om totale lengte van periode te bepaal nie (2) Dui verwantskap tussen voorsate en nasate aan (al is dit nie noodwendig volledig nie) (3) Gee kontinuïteit gedurende periodes sonder narratief.
2. Die toename in boosheid van die mense (Gen 6:1-4)
    a. Periode strek vanaf Adam en Eva begin kinders verwek het tot by Noag (v1, 8)
    b. Hemelwesens = seuns van God (v2), reuse = Nefilim (v4)
    c. Drie moontlike interpretasies oor wie die "seuns van God" is:
        - Seuns van God = nageslag van Set; dogters van die mense = vrouens uit Kain se nageslag, reuse = nageslag uit poligamiese huwelikke
            - "mense" in verse 1 en 2 het verskillende betekenisse - onverwags
            - Hoekom so min klem op dogters in Kain se nageslag? (Gen 4)
            - Nog geen riglyne teen huwelikke met individue uit nageslag van Kain
        - Seuns van God = engele, dogters van die mense = alle vroue, reuse = nageslag uit poligamiese huwelikke met engele
            - Seuns van God = hemelwesens/engele (Job 1:6, Dan 3:25), maar kinders van God = die volk, dus mense (Deut 14:1, Hos 1:10, Jes 2:1)
            - Gen 6 se oortreding = oortreding van engele in Jud :6 en 2 Pet 2:4, maar Judas en 2 Pet aanhalings is eerder uit Enog
            - Verder: God se oordeel beperk tot mense, sluit nie engele in nie (v3)
            - En ook: Nageslag uit poligamiese huwelikke was mense (v4)
        - Seuns van God = konings, dogters van mense = alle vroue, reuse = nageslag uit poligamiese huwelikke
            - Konings is dikwels as seuns van 'n god beskryf
            - Konings het vroue na willekeur as vroue geneem (vgl Gen 12)
            - Vgl.: Gen 3:6 sien/goed/geneem vs Gen 6:2 – gesien/mooi/geneem: sonde is soortgelyk aan Eva se sonde, nie duiwel/engel se sonde nie
            - Vgl klem op Noag se monogame huwelik (Gen 6:18, 7:7,13, 8:16, 18)
            - Verwronge uitvoering van "vermeerder" en "heers" skeppingsopdragte
    d. Onmiddelike oordeel: lewensdae van 120 jaar – 120 jaar tot mensdom uitgewis word (v3)
3. Oordeel van die Here oor die boosheid van die mense
    a. Die Here oordeel denke van die hart – mens dink altyd net wat sleg is (v5)
    b. Die Here is jammer oor mensdom (v6) en sal mensdom uitwis (v7)
    c. Die Here wil die mens leer: (1) die mens se gebrekkige eie vermoëns (2) die mens slaan nie ag op Sy beloftes nie (3) die Here is gegrief (4) die Here sal oordeel
    d. Vergelyk Gen 6 met ons tyd (vgl Luk 17:26-27, 2 Tim 3:1-4)
    e. God se finale oordeel word in Gen 6-8 afgebeeld (vgl Op 20:9)
    f. <u>Maar</u> Noag het guns gevind in die oë van die Here (v8)
        - Ons is totaal afhanklik van die genade van die Here